# KOMMUNIKAMMA 19 MAART 2023

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 19 Maart**
**5de Lydensweek**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS**
Ons verwelkom vir Conrad Pienaar wat vandag se boodskap gaan bring, asook ds Ben Fourie wat die doop gaan bedien.
Baie geluk aan Stephan en Lorencia de Beer, met die doop van SJ.

**Skriflesing:** Efesiërs 5:8 - 14
**Tema:** Die keuses wat ons maak

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Diens van Barmhartigheid.**

**Maandag 20 Maart**
**SKOLE VAKANSIEDAG**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**Dinsdag 21 Maart**
**MENSEREGTEDAG**

**Woensdag 22 Maart**
**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**
U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.
Kraggakamma gemeente het al R411 585,30 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.** Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.
**Die Broodjie-projek vir Laerskool Piet Retief het weer begin. Indien jy kan help, kan enige broodjie-smere by die kerkkantoor afgelaai word.**
**Ons is opsoek na XXL doeke vir dame wat haar been verloor het, asook beddens vir 2 gesinne.**

**<u>Vrydag 24 Maart</u>**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**<u>Sondag 26 Maart</u>**
**6de Lydensweek**
**08:30 EIETYDSE DIENS**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
Ons dank die Here vir 50 jaar van suiwer, wonderlike en liefdevolle genade en 'n heerlike fees-naweek.
Piet Spies gaan vir 'n operasie.
André Meyer is in die hospitaal.
Jan en Theunisa Fourie en Marie Snyman sukkel met hulle gesondheid.
Die voedselprojek by PE Noord en Piet Retief laerskool. Ons hulp by Algoa Gemeenskapskerk. Bid vir mense wat baie swaarkry. Werkloosheid is 'n groter wordende probleem. Ons is dankbaar vir almal wat betrokke is by hierdie aksies.
Dankie vir die reën wat geval het. Pleit voortdurend vir reën in ons opvangsgebiede. Dat ons damme sal vol word.
Algoa en Grasvoëlkop gemeentes wat besin oor hulle toekoms. Lorraine en Patmos gemeente se beroepingsprosesse.
Teen môre se betogings en dat die wat wel sal plaasvind, vreedsaam sal wees en dat mense nie mekaar sal opsweep nie.
Vir 'n einde aan die oorlog in Oekraïne. Vir beskerming van die burgerlikes wat geteiken word en baie swaarkry.
Geestelike leiers wat in baie moeilike omstandighede steeds 'n verskil maak en die Here se lig uitdra.

**<u>THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid saam met die geheime Christen-gelowiges in **Afghanistan** vir hulle beskermering en dat God se teenwoordigheid vir hulle vrede, vreugde en hoop in hulle harte sal bring.

Liewe gemeente baie dankie vir al julle gebede vir ons en die There4- Bedieninge span. Dankie vir die geleenthede wat ons gehad het om by selgroepe te kon deel hoe dit met ons gaan. Dankie vir al die items wat by ons huis afgelaai is vir die mense vir wie ons bedien en vir ons persoonlik, julle liefde bereik die Midde Ooste. Besonderse dankie vir die sondagskool wat kaartjies vir 9 kinders gemaak het. Julle gaan harte verbly. Ons gaan julle almal mis en as die Here wil sien ons mekaar in Julie. Bid asb dat ons voortdurend die Here se stem sal hoor en ook vir Sy hand op ons kinders hier in Suid-Afrika. Baie liefde Gerrit en Janine

**<u>NUWE LIDMATE</u>**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor. Ons verwelkom vir Maynhard Crouse en sy gesin. Hulle attestate is ontvang van Lorraine Gemeente.

**KERMIS , Vrydag 16 Junie 2023**
**<u>WIT-OLIFANTE</u>**
Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**SKENKINGS WAT BY KERMIS UITGELOOT OF OPGEVEIL KAN WORD**
Help asb met skenkings wat opgeveil kan word of as pryse kan dien vir die lootjie lyste. Kontak met Christo van der Merwe by sel: 072 132 2851.

**KERKRAADSLID VERKIES**

Op die kerkraadsvergadering, gehou op 15 Maart, is Judy Nienaber as diaken verkies.

**BYBELGENOOTSKAP VRUGTEMARK**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in Port Elizabeth hou hul 26ste Vrugtemark hierdie jaar oor 3 dae.
Dit mark vind by die Bybelshuis, Cotswoldlaan 31, Cotswold plaas, op 23 en 24 Maart (08h00-17h00), en Saterdag 25 Maart (07h30-12h00) (Groente is net Saterdag beskikbaar)
Daar sal ook lekker konfyt te koop wees. Kom loer gerus in en ondersteun ons asseblief! Enige navrae, kontak ons by 041-364 1138.

**HULP BENODIG BY BEGRAFNISSE**

Indien jy bereid is om soms met die maak van toebroodjies by begrafnisse te help, kontak asb vir Dossie Nortjé (082 957 6084) of Elizma Harmse (083 940 5617). Dit sal wonderlik wees indien ons 'n lys helpers kan saamstel.

**HUIS LOUISA MEYBURGH**

Ons is opsoek na 'n dame wat betrokke wil raak by Huis Louisa Meyburgh ouetehuis. Die verantwoordelike persoon sal een keer per kwartaal 'n oggend vergadering by Huis Louisa Meyburgh moet bywoon. Ons is saam met ander NG Gemeentes in Gqeberha betrokke by die fondsinsamelings van die aftree oord. Die fondsinsamelings behels 'n basaar en 'n jaarlikse tee. Verder voorsien ons een keer per jaar eetgoed vir die bejaardes by een van hulle maandelikse tee-kuiers en word daar gehelp met die kersete. Kontak Marlene Postma (082 787 4030) indien jy betrokke wil raak.

**STORIES VAN GELOOF HOOP EN LIEFDE**

Die dames van Lorraine Gemeente nooi ons uit na hulle Hartklop-Vroue byeenkoms op Maandag 27 Maart om 19:00. Die kostes is R 20.00 per persoon en sluit koffie/tee en verversings in. Kontak Brenda (083 226 1038) of Hannalize (041 367 2284) vir meer inligting, of om jou kaartjie te koop.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 19 Maart | Lizelle Niit |
| 20 Maart | James Banfield, Louis le Grange en Danie Mare |
| 21 Maart | Pieter Greyling en Twane van die Merwe |
| 22 Maart | Stephan Blom, Christo Landman, Erika Marais, Annalien Pienaar, Jacques Reeder, Annekie van Onselen en Annabel Viljoen |
| 23 Maart | Aletta Campher, Quinton Roux en Matilda Roux |
| 24 Maart | Hanna Alting, Lizmari Hanekom, Ruan Jacobs en Debbie Rabie |
| 25 Maart | Nealon Burger, John de Vos, Theunisa Fourie, Dirk Haarhoff en Petru Vlok |

**Ons wens Theunisa Fourie baie geluk. Sy word op 14 Maart 92 jaar oud.**

**Ds TOIT IS OP VERLOF.**

Ds Toit is van 13-31 Maart op verlof. Indien u in hierdie tyd 'n dominee benodig, kontak asb met dominee MG.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan